

BLY


TUIS

RED SUID-AFRIKA

WAT JY BEHOORT TE WEEET OOR
KORONAVIRUS (COVID-19)



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) het op 31 Desember 2019 'n reeks gevalle van longontsteking in die stad Wuhan in China aangemeld. 'Ernstige akute respiratoriese sindroom *Coronavirus 2*' (*SARS-CoV-2*) is as die oorsaak van wat nou as 'Koronavirus siekte 2019' (*Covid-19*) bekend staan, bevestig. Sedertdien het die virus na meer as 100 lande, insluitend Suid-Afrika, versprei.

COVID-19 is 'n aansteeklike siekte wat, direk of indirek, van een persoon na 'n ander oorgedra word.

Infeksie:



'n Persoon wat met die virus besmet is, kan dit na 'n gesonde persoon oordra deur:

- » die oog, neus en mond of deur druppeltjies wat deur hoës of nies veroorsaak word.
- » noue kontak met 'n besmette persoon.
- » kontak met besmette oppervlakke, voorwerpe of persoonlike items.

Simptome:



Die algemene simptome sluit in:

- » Koors
- » Hoës
- » Probleme met of moeilike asemhaling
- » Seer keel.

Voorkoming:



Om die verspreiding van die virus te voorkom:

- » Was jou hande gereeld vir minstens 20 sekondes met seep en water. Gebruik 'n handontsmettingsmiddel met 'n alkoholbasis as jy nie jou hande met water kan was nie.
- » Hou 'n veilige sosiale afstand deur oorvol ruimtes of byeenkomste van meer as 10 mense te vermy.
- » Vermy noue kontak met mense wat siek voel.
- » Moenie aan jou mond, oë en neus raak nie.
- » Hou ten minste een meter afstand tussen jou en enigeen wat hoës of nies.
- » Gebruik 'n snesie wanneer jy hoës of nies, en gooi dit dan in 'n snippermandjie.
- » Vermy dit om aan oppervlakke soos handrelings, wat gereeld aangeraak word, te vat of te vryf.
- » Ontsmet voorwerpe waaraan jy gereeld vat, soos selfone, kaarte, motorsleutels en sleutelborde, gereeld.
- » Raadpleeg jou dokter as jy nie goed voel nie en bly tuis om ten volle te herstel.
- » Gebruik jou gebuigde elmboog, voetaanraking of wuif om te groet in plaas van 'n handdruk.
- » Dra 'n gesigmasker, veral die soort wat van lap gemaak is, in die openbaar.

Ignoreer vals nuus en kry amptelike inligting by:

Stuur 'n boodskap met die woord "Hi" aan
0600 123 456
vir WhatsApp-ondersteuning

of

Skakel die 24-uur
tolvrye blitslyn:
0800 029 999

of

www.gov.za of
www.sacoronavirus.co.za